gedink om haar kunstalent deur middel van die onderwys uit te leef. Maar sy was slegs drie jaar lank kunsonderwyser – en nadat sy en haar prokureur-man, Roelf, 'n ruk lank oorsee was, het sy besluit om die onderwys vaarwel toe te roep en haar voltyds op haar kuns toe te lê.

Maar vandag verklap haar kunsateljee die feit dat sy toe tóg nie 'n keuse tussen kinders en kuns gemaak het nie. Oral pryk daar kinderkuns. En sy vertel dat sy deeltyds kunsklasse vir 60 jong kunsstudentjies aanbied.

"Waar jy geplant is"

Waarom juis proteas?

"Omdat hierdie fynbos-blomplant sterk, pragtige plante, eie aan Suid-Afrika, voortbring," antwoord sy. "Die koningsprotea se kroonblare is boonop vir my 'n simbool van ons Koning se kroon."

Sy verwys na die veldbrande wat dikwels die fynbos verwoes. "Dit is natuurlik noodsaaklik, hierdie verwoesting, omdat die vlamme se hitte die saad in die nuwe seisoen laat lewe voortbring.

"Net so moet 'n mens ook aan homself sterf, sodat God die nuwe lewe in hom kan begin," sê sy. "Wanneer jy jou lewe aan die Koning gee, word jy dikwels deur jou Skepper gelouter en gesuiwer – totdat jy die mens word wat Hy jou gemaak het om te wees. Ná die snoeiproses vind daar groei plaas; nuwe lewe spruit daaruit voort."

Ter versterking van die brand-tema, gebruik Hermien soms houtskool en brandbare gom as medium.

Só het Hermien se onlangse uitstalling by die Rust en Vrede-galery in Durbanville die tema "Blom waar jy geplant is" gehad. Haar temas was nog altyd dieselfde, vertel sy, maar sowat twee jaar gelede het sy begin om met nuwe mediums te eksperimenteer.

Dit is haar oortuiging, sê Hermien, dat Christene moet blom waar hulle geplant is.

"Daarom," *sê sy,* "wil ek van aanstaande jaar af eers weer nét op my geloofskuns en my gesin fokus. En opnuut blom waar God my geplant het."

KUNSBLOKKIES

"Love is the currency of eternity."
"Heaven sings over me."

Só lui twee van die boodskappe wat op **Ingrid Hall (27)** se unieke kunsblokkies pryk. En soms is daar ook die kosbare woorde wat sý tot God gebid het: "Lead me to the expanses of your heart."

Hierdie woordkuns, saam met Ingrid se foto's en sketse, vorm uiteindelik 'n unieke kunsblokkie met 'n baie spesifieke doel: Om 'n boodskap vol lewe en waarheid in Jesus oor te dra.

"Wil jy régtig ...?"

Ingrid, wat 'n kwalifikasie in teologie by die Timothy Ministry Team Biblical School op Wellington verwerf het, vertel dat sy nog altyd kuns beoefen het en dikwels daarmee geëksperimenteer het. "Maar," gee sy toe, "ek het nooit gedink dat dit 'n loopbaan sou word nie."

Nadat sy haar studies voltooi het, was daar veral twee redes waarom sy in hierdie rigting beweeg het, vertel sy.

Haar ma, Marietjie, is die eerste rede. Dié se ingesteldheid teenoor haar kind se kuns het aanvanklik die groot verskil gemaak. "Nadat ek klaar geswot het, het my ma my aangemoedig om te bly eksperimenteer," vertel Ingrid. "Sy was rustig oor die feit dat sy my finansieel sou moes ondersteun. Ek wil ander ma's aanmoedig om hulle kinders ook daardie ruimte te gee!" >

Ingrid Hall